

Kampfokus en kamporde (OP36)

Num 1:47-54, 3:1-14

18 April 2021

In die vorige preek het ons stilgestaan by die sensusopnames. Ons het gesien die Here het die opdrag gegee dat die volk volgens afkoms en families, asook in leërafdelings getel moes word. Daar was 2 sensusopnames – die eerste een het 13 maande na die uittog plaasgevind by Sinaiberg – toe was daar 603 550 mans bo twintig jaar. Die tweede een het 38 jaar later op die Moabsvlakte plaasgevind – toe was daar 601 730 mans bo twintig jaar. Uit hierdie sensusopnames het ons twee dinge geleer: (1) Hoe God werk – Hy werk ordelik, in detail, doelgerig, pro-aktief, deur mense en in lyn met Sy beloftes (2) Ons het gesien dat die feit dat iemand se naam opgeskryf is, is nie voldoende nie. Om werklik deel te kon kry aan die beloofde land, oftewel die ewige heerlijkheid, verwag God van Sy kinders dat hulle hulle moet inspan, moet seker maak hulle staan, moet hulle hulle beywer om in Sy rus in te gaan deurdat hulle aktief betrokke raak by die stryd om God se koninkryk te laat groei.

In die res van Num 1 tot by Num 3 (en selfs 4) lees ons heelwat detail van hoe die volk destyds die kamp moes inrig, en ook inligting oor hoe die volk moes trek. Ek wil vandag stilstaan by hierdie fokus wat op die kamp geplaas word en die orde waarin dit alles plaasgevind het. Soos vantevore beklemtoon, is dit ook hier waar dat hierin voorbeelde en waarskuwings vir ons is, in lyn met wat Paulus in Korintiërs skryf.

Oorsig: Num 1:47 – 3:51

In hierdie gedeelte lees ons enersyds heelwat inligting oor die Leviete, en tot 'n mindere mate oor die priesters, asook oor die orde wat daar in die kamp was.

- Leviete (en Priesters) Volgens Num 1:47 ev is die Leviete nie getel saam met die volk in die sensusopname nie. Die rede hiervoor is dat die sensusopname grotendeels 'n militêre doel gehad het en die volk voorberei het vir die komende stryd waaraan hulle moes deelneem. Maar die Here het 'n ander doel met die Leviete gehad – Hy wou hulle juis gebruik in die diens van die tabernakel:
 - Volgens vers 50 moes hulle toesig hou oor die tabernakel. Dit was natuurlik by uitstek die verantwoordelikheid van die hoëpriester en die priesters om die diens in die tabernakel te verrig. Maar in Num 3:1-4 lees ons dat Aäron 4 seuns gehad het: Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar. Maar Nadab en Abihu is dood nadat hulle ongeoorloofde vuur voor die Here gebring het (Lev 10:1-3). Daarmee het hulle getoon dat hulle nie besef het hoe heilig God is nie. Daar is dus nou net twee priesters oor. Onthou hoe groot die volk is – dit word dan duidelik dat hulle hulp nodig gaan hê om hierdie rol te vervul. Dit is daarom dat God hulp aangebied het deur die Leviete tot hulle diens te stel. (Num 3:5-6). Natuurlik mog net die priesters die priesterdiens verrig soos om offers te bring, of in die Heilige en Allerheiligste diens te doen, maar die Leviete kon die gereedskap versorg, hulle kon take verrig soos om die offerdiere te slag en gereed te kry vir die offer (Num 3:7-8, 10).
 - Uit Num 1:50-51 is dit ook duidelik hulle was verantwoordelik vir die dra van die tabernakel en al sy toebehore wanneer hulle van Sinai af sou vertrek. Dit was hulle verantwoordelikheid om die tabernakel uitmekaar te haal, en ook weer op te slaan.
 - Nog 'n belangrike rol van die Leviete was om onbevoegde toetrede tot die tabernakel te voorkom (Num 1:51). Die manier waarop hulle dit gedoen het, is

deurdat hulle hulle tente die naaste en rondom die tabernakel opgeslaan het (Num 1:50). Hulle, en waarskynlik ook die priesters (Num 3:10), het die verantwoordelikheid gehad om iemand wat onbevoegd was en wel die tabernakel betree het, dood te maak.

- Boonop was die Leviete 'n uitgesoekte groep onder die volk. Num 3:12-13 leer dat die Here hulle geneem het in die plek van al die eersgeborenes onder die volk. Dit volg na die gebeure destyds in Egipte net voor die uittog toe God die eersgeborenes van die Egiptenaars gedood het, maar die eersgeborenes van die Israeliete laat lewe het danksy die bloed van die paaslam aan die deurkosyne. Sedertdien was die eersgeborenes aan God gewy. Maar God het nou die reëling gemaak dat die Leviete aan Hom gewy sal wees i.p.v. die eersgeborenes. Om seker te maak dat daar 'n Leviet vir elke eersgeborene was, moes Moses nog 'n sensusopname doen: Hy moes die manlike Leviete van een maand en ouer tel (Num 3:14), en ook die manlike eersgeborenes onder die volk van een maand en ouer (Num 3:40, 42). Daar is gevind dat die aantal Leviete van een maand en ouer 22 000 was (Num 3:39), terwyl die aantal Israeliete van een maand en ouer 22 273 was (Num 3:43). Daar was dus 273 meer Israeliete as Leviete, en hierdie 273 moes losgekoop word deur vyf silwermuntstukke per persoon aan Aäron en die priesters te betaal (Num 3:47-48). Terloops, ek het laasweek daarna verwys dat die aantal eersgebore seuns onder die volk baie klein was in vergelyking met die totale aantal mans van 603 550. Een moontlike verklaring is dat slegs die eersgebore seuns wat sedert die uittog gebore is, getel is – alhoewel dit natuurlik nie pertinent gesê word nie (daar is ook ander verklarings soos dat slawe ingesluit is in die sensus van die mans, maar net die eersgebore seuns van die volk in die sensus van die eersgeborenes).
- In Num 3:17-39 word nog heelwat detail gegee van die resultate van die sensus onder die Leviete. Hulle was opgedeel in drie groepe, siende dat Levi drie seuns gehad het: die Gersongroep, die Kehatgroep en die Merarigroep. Ons lees dat die Gersongroep uit 7 500 mans bestaan het, hulle het aan die westekant van die tabernakel gekamp, en wanneer die volk sou trek, was hulle verantwoordelik vir die dra van die tabernakeltent, die dekseile en gordyne. Die Kehatgroep het uit 8 600 (8 300?) mans bestaan, hulle het aan die suidekant van die tabernakel gekamp, en was verantwoordelik vir die dra van die tabernakel meublement (verbondsark, tafel, die lampstaander, die altare en ander gereedskap). Die Merarigroep was 6 200 mans, hulle het aan die noordekant van die tabernakel gekamp, en was verantwoordelik vir die dra van die rame, dwarslatte, style, voetstukke en penne. Aan die oostekant van die tabernakel, dus waar die ingang was, het Moses, Aäron en die priesters gekamp.
- Kamporde: In Num 2 lees ons heelwat oor die manier waarop die res van die kamp ingerig is. Ons weet nou al dat die tabernakel in die middel van die kamp gestaan het. Direk, naaste aan die tabernakel het die Leviete en priesters gekamp – die priesters aan die oostekant, en elk van die drie groepe van die priesters aan elkeen van die ander drie kante van die tabernakel. Die twaalf stamme van die volk het nog 'n entjie verder van die tabernakel af kamp opgeslaan (Num 2:2). Aan elkeen van die vierkante van die tabernakel het drie stamme gekamp. Aan die oostekant het Juda, Issaskar en Sebulon gekamp. Wanneer die volk getrek het, het hierdie drie stamme eerste vertrek. Aan die suidekant het Ruben, Simeon en Gad gekamp. Hulle het tweede vertrek wanneer die volk vertrek. Daarna het die Leviete vertrek, wat natuurlik die tabernakel gedra het. Die tabernakel was dus die middelpunt van die kamp wanneer die kamp opgeslaan is, maar dit was ook die middelpunt

van die volk wanneer hulle getrek het. Aan die westekant het Efraim, Manasse en Benjamin gekamp. Hulle het net na die Leviete vertrek. En aan die noordekant het Dan, Aser en Naftali gekamp. Hulle het die agterhoede gedek wanneer die volk getrek het.

Wat weereens uitstaan is die orde waarin die volk gekamp het, sowel as waarin hulle getrek het. Boonop was daar baie spesifieke afbakening van verantwoordelikhede – veral rondom die rol van die verskillende Levitiese groepe. Al hierdie detail is deur God gegee – dit is m.a.w. presies soos wat God dit sou wou, en daarom sal dit vir ons ook sin maak om te besin oor hoekom God alles juis so ingerig het. Waarvan is dit voorbeelde en waarskuwings vir ons?

Implikasies vir ons

Ek wil graag drie implikasies vir ons uitlig:

- God is die fokus: Soos ons gesien het was die tabernakel, wat God se woonplek onder die volk was, die middelpunt van die kamp, en ook die middelpunt van die optog wanneer die volk getrek het. Dit moet tog vir ons 'n voorbeeld wees dat God ook vir ons die middelpunt moet wees in alles wat ons doen. Maar kan ek die volgende ook hier uitlig: Let op die vordering wat reeds gemaak is siende dat God hier die middelpunt van die volk was. Toe die volk by Sinai gekom het, het God neergedal na die berg. God was bo-op die berg, en die volk was aan die voet van die berg. Moses moes 'n grens vasstel om afstand te hou tussen hulle en die berg, en dus God. Na die goue kalf gebeure, ook hier by Sinai, het Moses 'n tent van ontmoeting opgestel ver buite die kamp (Eks 33:7). Dit is hier wat God toe met Moses gepraat het. Maar nou lees ons dat God reël die tabernakel moet onder die volk, in die middel van die kamp opgeslaan word. Boonop, selfs as hulle trek, word die tabernakel in die middel van die volk gedra (alhoewel dit lyk uit Num 11:33 of die verbondsark vooruit gedra is).

Dink aan die verdere ontwikkeling teen die tyd dat die Nuwe Testament aanbreek: In Joh 1:14 lees ons Jesus het onder ons kom woon (letterlik: tabernakel). Dit is nie net meer die simbool van God se tabernakel wat onder die mense is nie – nee, dit is God se Seun self. 1 Kor 3 neem dit selfs nog verder: In vers 9 ev word gesê gelowiges is nou die gebou van God, waarvan Jesus Christus die fondament is, en volgens vers 16 is gelowiges die tempel van God waarin die Heilige Gees woon. Heb 10:19 sê ons het deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. En natuurlik weet ons uit Op 21:3 dat God in die hiernamaals onder die mense gaan kom woon op die nuwe aarde.

Wat ons onself moet afvra, is of God werklik die fokus is van ons lewens? Staan Hy sentraal? Soek ons voortdurend na Sy wil? Grawe ek my in om Hom beter te leer ken? Is hierdie kennis meer as verstandskennis? Is dit kennis wat my besluite beïnvloed? Is dit kennis wat my lewenswyse beïnvloed?

- God is heilig: In hierdie gedeelte is daar baie aanduidings wat God se heiligheid uitlig. Ja, dit is so dat God se tabernakel in die middel van die kamp is. Maar daar was afstand tussen die volk en die tabernakel. Tussen-in het die Leviete gewoon – daardie stam wat God afgesonder het en vir wie Hy aan Hom toegewy het. Nie net moes hulle tussen die volk en die tabernakel woon nie, hulle het ook die verantwoordelikheid gehad om onbevoegde persone af te keer sodat hulle nie die tabernakel bereik nie. En as iemand dit wel sou doen, het hulle die verantwoordelikheid gehad om so iemand dood te maak! Maar selfs die Leviete wat in besonder aan God gewy was – mog nie die priesterwerk doen nie. Hulle was hoogstens tot hulp vir Aäron en die priesters. In Num 4:15 lees ons dat wanneer die volk

weggetrek het, en die Kehatiete moes kom om die toerusting wat in die tabernakel was te dra, moes Aäron en sy seuns eers die gewyde voorwerpe saam met hulle gereedskap toemaak. Daar was spesifieke voorskrifte oor hoe hulle die verskillende stukke moes toemaak. Ons lees die Kehatiete mog nie eers vir 'n oomblik in die heiligdom kom kyk nie – en onthou hulle was onder die uitgesoekte Leviete die uitgesoekte groep wat die voorwerpe moes dra.

Ons sien dieselfde by Sinai – nie net was daar die grens nie, maar daar moes die persoon wat selfs net aan die berg raak, ook doodgemaak word. Of kyk weer na die tent van ontmoeting wat Moses na die goue kalf insident opgerig het: Wanneer Moses na die tent gegaan het, en die wolk daal neer na die tent toe, het die Israëliete by die opening van hulle tente wat 'n hele ent weg was, gestaan en in aanbidding neergebuig.

Dink weer aan Joh 1:14 – Johannes is in verwondering as hy sê Jesus het onder ons kom woon, en ons het sy heerlijkheid gesien! Daar is verskeie ander gedeeltes in die Nuwe Testament wat ons ook waarsku om met groot respek God se heiligheid te onthou. Dink aan Annanias en Saffira in Hand 5:1-5. Petrus vra vir Annanias hoekom hy hom deur die Satan laat omhaal het om vir God te lieg oor die verkoopprijs van die eiendom. Sy punt is Annanias het ten diepste nie vir mense gelieg nie, maar vir God self. En God is drie maal heilig – jy durf nie vir God lieg nie! Beide Annanias en Saffira betaal met hulle lewens hiervoor. Dink aan 1 Kor 11:27 en verder. Hier waarsku Paulus die Korintiërs dat hulle versigtig moet wees as hulle die nagmaal gebruik – hulle moet hulleself behoorlik ondersoek voor hulle dit doen. Omrede hulle dit nie met die nodige erns doen nie, is daar swakkes en sieklikes onder hulle, en baie sterf selfs. Dink aan die oproep in Heb 12:28b-29: “Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, want ons God is ‘n verterende vuur” Onthou, Nadab en Abihu – hulle was priesters maar het nie die nodige ontsag en eerbied gehad vir God se voorskrifte nie, en God verteer hulle met vuur.

Ek kom netnou terug hierna.

- Gelowiges het twee fokus areas: aanbidding en stryd: Laasweek het ons gesien die doel van die sensusopnames was militêr van aard: die volk moes bereid wees om die stryd aan te knoop om die beloofde land in te neem. God het vir hulle leiers gegee om hulle hierin te lei – dit was die stamleiers. Vandag sien ons egter dat die volk ook 'n ander doel gehad het: Hulle moes God aanbid. Hier het God ook vir hulle leiers gegee om hulle hierin te lei: priesters en Leviete. Gelowiges het twee doelwitte: hulle moet stry en hulle moet aanbid.

Hulle moet stry vir die uitbreiding van God se koninkryk. Dit beteken hulle moet stry teen die duiwel, die wêreld, en hulle eie sondige vlees. Dit beteken hulle moet stry sodat hulleself groei as burgers in God se koninkryk, dit beteken hulle moet stry vir die groei van hulle medeburgers, dit beteken hulle moet stry om die wat nog nie deel is van die koninkryk nie, in te bring, dit beteken hulle moet stry in hierdie wêreld om die werke van die bose te ontbloot.

Maar hulle moet ook God aanbid. En God gee ook hier vir hulle die leiers. In die Ou Testament het God vir hulle priesters en Leviete gegee. 'n Groot deel van hulle aanbidding was om die voorskrifte rakende die offers na te kom. Verder was daar die feestye wat God voorgeskryf het. Hulle het God aanbid in hulle gebede en in hulle liedere. En in dit alles was God enersyds naby – die tabernakel was in hulle midde, en tog was God ook ver in die sin

dat die priesters hulle tussengangers was. Die rede was dat God absoluut heilig was, en hulle was sondig.

Maar met ons is dit anders. Onthou jy 1 Pet 2:5? “Laat julle as lewende stene opbou tot ‘n geestelike huis, om ‘n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is”. In vers 9 lees ons “julle is ‘n koninklike priesterdom”. Sien jy dit? Gelowiges is nou die priesters. Hulle moet nou die geestelike offers bring wat deur Jesus, wie die ware Hoëpriester is, vir God welgevallig sal wees. Onthou verder, God is steeds drie maal heilig – soos in die Ou Testament. En ons offers moet vir Hom welgevallig wees! Nadab en Abihu het vreemde vuur geoffer, en met hulle lewe geboet. As iemand onbevoeg die tabernakel betree het, is hy doodgemaak. God is ernstig oor die offers wat ons as priesters vir Hom bring – dit moet vir die drie maal Heilige God welgevallig wees!

Wat is hierdie geestelike offers wat ons moet bring? Natuurlik is dit onself en ons hele lewe. Dis tog wat Rom 12:1 leer. Maar kan ek vandag na ‘n spesifieke deel van hierdie offers verwys – en dit is daardie deel van ons offer wanneer ons God aanbid in ‘n erediens. Hoe welgevallig, dink jy, is eredienste waar die volgende aan die orde is:

- Oppervlakkige Woordverkondiging wat eerder mense sus as konfronteer? Woordverkondiging wat geen effek in iemand se lewe het nie – almal loop uit soos wat hulle ingeloopt het? Woordverkondiging wat emosieloos is, m.a.w. waar daar geen of min passie en opgewondenheid is by die een wat preek nie? Woordverkondiging wat hoogstens morele lessies leer? Woordverkondiging wat nie gereeld oproep tot bekering nie? Woordverkondiging wat die hoorders nie verstom laat oor God en Sy werk nie?
- Eredienste waar die gesindheid van bywoners beperk is tot wat hy/sy uit die erediens gaan put, sonder ‘n diep besef dat hy/sy ‘n verantwoordelikheid het om God te loof en te prys nie? Eredienste waar die sang hoogstens ‘n aandaglose geprewel is van liedere sonder enige bewustheid van wat gesing word? Sang wat of totaal emosieloos is, of net emosie is?
- Gebede wat koud is? Gebede wat nie God se lof besing nie? Gebede wat net fokus op die nood van die dag? Gebede wat glad nie die nood van die dag voor God bring nie?
- Eredienste wat geen variasie toon om te voorkom dat almal in ‘n groef val nie?

God het destyds vir die volk leiers gegee om hulle te begelei in hulle aanbidding – die priesters. En toe die werk te veel was vir Aäron en sy twee seuns, het God vir hulle die Leviete gegee. Ja, in die Nuwe Testament is die gelowiges nou self priesters. Maar God het steeds vir hulle leiers gegee om hulle te lei in hulle aanbidding. Eerstens het Hy vir hulle ouderlinge gegee. En toe die werk vir die ouderlinge te veel geword het, het Hy vir hulle diakens gegee. Hierdie leiers het ‘n groot verantwoordelikheid, onder andere ook in die samekomste van die gemeente waar die doel juis is om God te aanbid. Mag hierdie leiers en ook elke individuele gelowige onthou hierdie samekomste is besondere geleentheid in ons aanbidding van die drie maal Heilige God. Mag ons samekomste werklik vir Hom welgevallig wees! Mag dit ook wees waar ons bemoedig en aangespoor word vir ons stryd in die wêreld!